

## Kontak besonderhede van Bestuurslede:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Voorsitter | Gawie du Toit | 082 787 9718 | dtoitgs@telkom.co.za |
| Ondervoorsitter | JJJ van Rensburg | 079 692 1817 | j3vr@vodamail.co.za |
| Penningmeester | Hettie Brewis | 082 442 2671 | riograf@telkomsa.net |
| Sekretaris | Martie Smit | 082 411 6906 | mmesmit@telkomsa.net |
| Addisioneel | Andre J van Rensburg | 083 449 8218 | andre.vanrensburg@up.ac.za |
| | Daleen Casteleijn | 082 561 2249 | Daleen.Casteleijn@wits.ac.za |
| | Esme Marais | 082 254 5344 | maraisesme@yahoo.com |
| | Stefanus Groenewald | 083 293 3579 | sp.groenewald@lantic.net |
| Seniorburger Verteenwoordiger | Buks Möller | 012 259 1257 | |

***Bank Besonderhede:***

Standard Bank Montana

Naam van rekeninghouer: SAWA Bosveld

Rekening nommer: 20-03-93-32-4

Tak kode: 01-5945-00 Tipe Rekening: Tjek

# Julie/Augustus 2009

## Volume 13

# MONATENG

TIMESHARE RESORT - CARAVAN LODGE - CONFERENCE CENTRE



## INHOUDSOPGAWE

BLADSY 2 ~ PITKOS
BLADSY 3 ~ VOORSITTERS VERSLAG
BLADSY 4 ~ NABETRAGING
BLADSY 5 ~ BOSKOMBUIS
BLADSY 6 ~ BOSVELD KAMERA
BLADSY 7 ~ VOLGENDE KAMPPLEKKE
BLADSY 8 ~ VERJAARSDAE
BLADSY 9 ~ LIEF EN LEED
BLADSY 10 ~ REDAKTRISE SÊ...
BLADSY 11 ~ ♥JAV 2009 KIEKIES♥
BLADSY 12 ~ BANKBESONDERHEDE & BESTUUR

## PITKOS






## 100% KAMPBYWONING


Oom Buks & Tannie Lettie


Roelf en Hettie


Gawie en Rina

## STREEK MERIETE TOEKENNINGS


Gawie Du Toit


Daleen Casteleijn


Oom Buks Möller


Danie Visagie


Martie Smit


Oom Neels Roodt


Andre J van Rensburg


Roelf & Hettie Brewis


Lizelle Brewis

Hettie Brewis ontvang Duiwel Trofee 2009.



Afwesig: Dik en Florein Marais.
George en Hannatjie Mouton.

## Die Redaktrise sê.......

Met die 18de JAV agter die rug, wil ons dankie sê vir die lede wat vir die vergadering deurgekom het, en die wat in die koue kom kamp het.

Die Vergadering het sonder enige probleme verloop, ten spyte van die koue, nat, weer.

Van die Kampeerders het toe Vrouedag vroeër gemaak en die Saterdag aand gaan uit eet.  Verder is daar lekker saamgekuier en selfs Walda, Elma en Danie het kom draai.

Sondag oggend het oom Buks vir ons 'n treffende boodskap gebring en het die mense so een na die ander begin opslaan.  Dit was voorwaar 'n lekker kuier naweek.

Ons sien uit na die volgende kamp.

Die Kampprogram vir 2010 sal ons in ons volgende boekie plaas.

Geniet dit.

**Bosveld Groete**

**Hettie & Lizelle**

## AANDAG ALLE OUPA'S EN OUMA'S

Ons beoog om 'n "Spog Bladsy" in ons Boekie aan te bring waar ons Oupa en Ouma se spog foto's van hul kleinkinders kan plaas.
Indien daar enige foto's is Stuur dit asseblief vir ons…

Dankie

Hettie & Lizelle





## VOORSITTERS VERSLAG

### Monateng

Die Jaarlikse AJV is gehou  te Monateng en nege Bosvelders en een gas van Pretoria streek het gekamp en ses gesinne het die moeite gedoen om die Saterdag  se vergadering as dagbesoekers by te woon.

Die Vergadering het vlot  verloop en geluk aan Esme Marais en Stefan Groenewald wat as nuwe  lede op die bestuur verkies is. Buks Moller, ons Senior Burger verteenwoordiger, sal in die toekoms 'n intergrale rol speel in ons aktiwiteite.

Gure ys reën en bitter koue weer, was die orde van die naweek en groot vure en sherry moes help teen die koue. Carl se mooi foto's getuig van die water wat op hul tente ge-ys het.

Bosveld se geldkoffer staan sterk en die komitee het toestemming gegee dat ons kampe meer subsidieer om sodoende lede finansieël te ondersteun.

Slegs sewe eie kampe is geskeduleer vir die jaar en dit laat ruimte vir moontlike addisionele kampe, indien behoefte ontstaan.

Dankie vir die jaar se goeie ondersteuning en veral die goeie gesindheid onder die lede.

Bosveldgroete

Gawie

# NABETRAGING - MONATENG

Die JAV vir 2009 is verby. Baie Dankie vir die lede wat kom kamp het, {9 Waens} asook vir die lede wat vir die vergadering deurgekom het.

Vrydag het die kampeerders so stuk stuk ingekom. Daar is lekker gebraai en gekuier. Dit was omtrent 'n koue nat naweek, maar ons Bosvelders het saam gekuier om die vure en van die lede het selfs Saterdagaand gaan SPUR~kos soek as gevolg van die nat en koue weer. 'n Vroeë Vrouedag!!!!

Sondag het Oom Buks vir ons weer 'n treffende boodsakp gebring, waarna die kara-vaners een vir een opgepak het, om huiswaarts te keer.

Dankie vir 'n wonderlike naweek en ons hoop om julle by die volgende kamp te sien.

Bosveld Liefde & Groete
Hettie en Martie






# LIEF EN LEED

LIEF

Oom Neels en Tannie Leonie het nog 'n kleinkind ryker geword. Baie Geluk Oupa en Ouma.
Mariska Mare het A++ in Drama behaal.




LEED

Chris Van Zyl het 'n rugoperasie ghad, en 'n bloedklont in die been . Sterkte aan jou en 'n spoedige herstel.
Emma Visagie het 'n operasie ondergaan. Sterkte aan jou en 'n spoedige herstel.
Gawie Du Toit het toetse ondergaan en ontvang behandeling. Sterkte ons dink aan jou.
Roelf Brewis Snr het toetse ondergaan, wag vir uitslae. Sterkte ons dink aan jou.
Oom Buks gaan die Kardioloog sien Sterkte aan Oom.
Pierre Marais se broer is oorlede. Ons innige meegevoel aan julle in hierdie tyd.
Ons dink aan julle.



VERJAARSDAE

| | AUGUSTUS |
|---|---|
| 1 | Daleen Casteleijn |
| 3 | Katinka Bezuidenhout |
| 7 | Stander |
| 10 | Johan v Heerden |
| 16 | Caroline Bergh |
| 18 | Gerhardt Putter |
| 21 | Dries Schlebusch |
| 22 | Freda Blomerus |
| 25 | Phillip v Wielligh |
| 26 | Werner Nortje |
| 27 | Attie vd Linde |
| 29 | Charlmari v Rensburg |
| 29 | Florein Marais |

| | SEPTEMBER |
|---|---|
| 3 | Anna J v Rensburg |
| 4 | Louan du Plooij |
| 4 | Paul v Rooyen |
| 6 | Ulicia v Rensburg |
| 6 | Anna-Marie Sonnekus |
| 6 | Lettie Möller |
| 7 | Jan Miller |
| 7 | Daniel v Wyk |
| 9 | Gerda Green |
| 10 | Pine Pienaar |
| 16 | Willlie Venter |
| 18 | Hellen Venter |
| 21 | Nelmarie Senekal |
| 25 | Esmé Marais |
| 28 | Marianna Barnard |
| 29 | Zandre vd Linde |
| 29 | Chris Visagie |
| 29 | Daniel Visagie jnr |





BOSKOMBUIS

# Roosterkoek

**Bestanddele** (vir 6 groot roosterkoeke of 12 kleintjies)
250 g (1 koppie) witbroodmeel
250 g (1 koppie) koekmeel
5 ml (1 teelepel) sout
1 x 10 g-pakkie kitssuurdeeg
15 ml (3 teelepels) suiker
315 ml louwarm water



**Metode**

Meng die broodmeel, koekmeel, sout en suurdeeg in 'n mengbak. Meng die suiker en warm water, en voeg by die meelmengsel. Werk nou weer die bol deeg se sake vir so 10 minute. Daarna gaan dit bak toe, onder die lap. En laat hom rys tot hy dubbel sy grootte is.
Haal die deeg uit en maak dan die roosterkoeke met die hand. Maak sulke ronde en platterige bolletjies.
Laat die koekies weer rys tot dubbel die grootte van die bolletjies wat jy oorspronklik gemaak het. Sit dit op die rooster oor stadige kole en braai totdat hulle 'n heerlike bruin-wit kors het, en hol klink as jy hulle klop. O ja, onthou om dit kort-kort om te draai.
Smeer lekker dit met botter en jêm sodra dit genoeg afgekoel het om te hanteer.





# BOSVELD KAMERA



Die "Warm" 18de JAV.



Lekker eetgoed by JAV.



Lekker Koud by die vergadering.



Almal kuier lekker saam….
Jurie in die kombers gewaad...



Kuier teen die muur voor die braaivleis vuur.



Koffie en Koekies vir die koue...



Kyk hoe koud kry ons...



Walda het kom kuier



## VOLGENDE KAMPPLEKKE



**18 ~ 20 SEPTEMBER 2009**
**JAKARANDA GEBIEDSSAAMTREK**
**TE WEESGERUS**
**R320.00 VIR DIE NAWEEK**

**14 ~15 OKTOBER 2009**
**SENIOR BURGER KAMP**
**MANYANE**
**R150.00 PER NAG.**
**16 ~18 OKTOBER 2009**
**MANYANE**
**R190.00 PER NAG.**

**25 ~ 27 NOVEMBER 2009**
**SENIOR BURGER KAMP**
**DRIE BERGE**
**27 ~ 29 NOVEMBER 2009**
**DRIE BERGE**

**NB. PRYSE SAL DEURGEGEE WORD IN VOLGENDE BOEKIE. DANKIE**